Die Voortrekkers

Transvaal Voriesaamtrek 2022

Die Eier Broei Uit – Wat ’n Blye Vooruitsig!

Voriesaamtrek 2021 het nooit die geleentheid gekry om uit te broei nie.... wat beteken dat Voriesaamtrek 2022 nog groter en lekkerder gaan wees as ‘n hard gekookte eier op ’n pad-piekniek. Voorwaar iets om na uit te sien! Kom kuier, leer en deel saam met ons, en kry nuwe motivering en idees vir die jaar wat voorlê.

Covid Beperkings. Voriesaamtrek 2022 word beplan met huidige Covid regulasies van toepassing. Om voorsiening te maak vir moontlike inperkings, golwe, variante en dinge is daar besluit om meer kursusse te beplan, met ’n getal beperking van ongeveer 15 per kursus. Ons het ’n hele lys van kursusse om van te kies (wat slegs beperk is deur ons aantal lokale), en as daar genoeg belangstelling is deel ons kursusse in twee. En as jy waarlik steeds niks kry waarvan jy hou nie – kom bied dan iets aan!

Registrasie. Let wel om op ‘n Voortrekkerkamp te mag kamp, moet jy ‘n ingeskrewe Voortrekker wees. Jeuglede registreer as Penkoppe, Drawwertjies of Verkenners en volwassenes registreer as offisiere, heemraadslede of jeugvriende (https//registrasie.voortrekkers.co.za). Jeugvriende het geen finansiële of ander verpligting teenoor die Beweging nie. Kontak asb jou naaste kommando (of vir my) in hierdie verband.

Wanneer? Die kamp begin op Vrydagaand 21 Jan 2022 (Registrasie is vanaf 17:00) en sal voor middagete op 23 Jan klaarmaak.

Inskrywing. Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar by https://inskrywings.voortrekkers.co.za/ Sluitingsdatum vir inskrywings is 10 Januarie 2022

Koste. Die koste vir die kamp is R400 vir volwassenes en Verkenners (hoërskool leerders) en R350 vir P/Ds (Laerskoolkinders). In die onwaarskynlike geval waar Voriesaamtrek weer afgestel moet word, sal die inbetaalde fooie terugbetaal word.

Ontrekking. Na 10 Januarie 2022 word aankope gedoen en gelde oorbetaal en sal daar geen kampfooi terugbetaal word nie. ’n Ander persoon sal wel in u plek kan kom kamp (met die nodige reelings met die Kampleier of Adjudant)

Terrein. Voriesaamtrek vind plaas op Hartbeesfontein (Voortrekkerplaas). Aanwysings is beskikbaar op Transvaal se webtuiste (https://transvaal.voortrekkers.co.za/terreine/hartbeesfontein/)

Slaapplek. Dit word aanbeveel dat eie tente/karavane saamgebring word. Beperkte slaaplokale is beskikbaar maar indeling gaan streng volgens heersende Covid regulasies gedoen word. Gades en kinders is baie welkom, maar onderhewig aan die kampreëls. Daar is ongelukkig nie gesinskamers beskikbaar nie en gesinne wat slaapplek wil deel, moet asseblief eie verblyf voorsien.

Bring saam. Onthou die volgende: Bring jou eie kampstoel, slaapsak & kussing, bordesak met eetgerei saam.

Kursus Keuse (Kies asb u eerste 3 opsies vir kursusse. Ons sal regtig hard probeer om jou by jou eerste keuse te plaas)	
Spanhantering vir P/D Offisiere *(Freek Eek)*	Hoe hanteer ons P/D's? Waarom moet ons betrokke raak? Hoe lyk vandag se jeug? Spanindentiteit en groepsfunksionering. Wat bied ek aan en hoe bied ek die inhoud aan? Hoe bestuur ek my span? Hoe werf en behou ek lede? Wat verwag ouers, spanlede en Die Voortrekkers van my?
Spanhantering vir Verkenner Offisiere *(Mauritz Meiring)*	Spesifiek gerig is op die Verkennerspanne. Kom leer wat van jou verwag word en wat die werk met Verkennerspanne behels. Hierdie kursus is 'n MOET vir nuwe offisiere, maar ervare offisiere wat meer wil leer oor Verkenners is ook welkom. (Dit is 'n volwaardige Spanhantering kursus).
Voortrekkerbestuur *(Arno Jacobs)*	Volwassens en bestuurslede word toegerus om hulle kommando effektief te bestuur. 'n Moet vir huidige, nuwe en toekomstige leiers en dagbesture in die Voortrekkers.
JOP: Emosionele Intelligensie *(Carin Coetzer)*	Kweek 'n dieper bewustheid van jou eie en ander se emosies, en leer om gepaste reaksies te kies. (Deel van Jongleiersontwikkelingsprogram, beskikbaar vir alle volwassenes).
Avontuurfasilitering *(Izak Coetzer)*	Hierdie program gaan jou toerus om avontuuraktiwiteite te gebruik om groter lewenslesse aan deelnemers oor te dra. Die klem is op die fasilitering van die aktiwiteit, nie noodwendig die aanbieding daarvan nie.
Fotografie *(Derek vd Merwe)*	Help om jou kamera te verstaan en tegnieke aan te leer wat nodig is om goeie foto's te kan neem. Daar is ook 'n bemarkingsaanslag en jy gaan leer wat om met die foto te doen nadat jy hom geneem het.
Godsdiens in Voortrekkerpraktyk *(Liné en Herman Rudolph)*	Hoe beoefen ek dissipelskap in die Voortrekkers? Wat beteken Godsdiens in my eie lewe en hoe pas ek dit toe in my span? Hierdie kursus gaan lei tot persoonlike geestelike verdieping vir die kursusganger as volwassene, maar hy/sy kry ook leiding oor hoe hy/sy die tipiese tienergodsdiensvrae kan beantwoord.
Kreatiwiteit *(Chris Koukeas)*	Inleiding tot kreatiwiteit; Persoonlikheidseienskappe; Kreatiewe proses; Kreatiewe rolle; Struikelblokke in die pad van kreatiwiteit; Ontwikkel kreatiwiteit; Probleemoplossing.
Makkerhulp *(Marilize Marais)*	Die kursus gaan die kursusganger in staat stel om daardie noodgevalle (wat so maklik 'n Voortrekkeraktiwiteit ontwrig) met 'n bietjie meer selfvertroue te kan hanteer.
Praktiese Spanhantering *(Mona du Plessis)*	'n Verskeidenheid praktiese metodes vir die oordrag van die die Voortrekkers se kernwaardes. Samestelling en uitvoering van spanjaarprogramme. Die gebruik van Hoe-Oms en ander kreatiewe idees vir spanaanbiedinge.
Seremonies *(Phillip de Kock)*	Wil jy seremonies aanbied waaroor mense praat en wat onthou sal word? Die kursus leer die kursusganger al die basiese beginsels van seremonies. Van die ontstaan van die idee, na beplanning tot die uitvoering.
Voëlidentifisering *(Willem Boshoff)*	Hierdie is 'n splinternuwe kursus waar jy meer gaan leer van ons geveerde vriende. Die uiteindelike doel van hierdie kursus is moontlik 'n voëlgids vir Hartbeesfontein!

Wynkennis *(Pieter Swanepoel)*	Hierdie kursus word deur 'n wynkenner aangebied met 'n sin vir humor. Dit sluit onder meer in die geskiedenis van wyn, basiese beginsels van wynproe en proe-style, wynmaak prosesse en tegnieke, kos en wyn passing en die bedieningsetiket en wynveroudering. Kom proe en gesels saam! (Let asb daarop dat hierdie kursus die proe van wyn insluit en daarom 'n addisionele bedrag gaan kos wat later bekekend gemaak sal word. Die vorige kursus was R200 ekstra).
Werkswinkel vir Administrasie / SAS *(Elsa Schnetler)*	Het jy te doen het met administrasie en SAS binne jou kommando, oord of kamp? Kom leer meer van die administratiewe bestuur (en die werking van SAS) binne die Voortrekkers.
Rondomtalie: Persoonlikevaardigheid *(Dewald Muller)*	Ervaringsleer in gesprekke; Hantering van my persoonlike finansies; Emosionele Intelligensie – waar koop ek dit?; Is 'n gebalanseerde lewe 'n mite of werklikheid; Help, my gesin val uitmekaar; Tydsbestuur.
Rondomtalie: Bestuursvaardigheid *(Gerhard Gericke)*	Risikobestuur van Voortrekkeraktiwiteite; Moeilike gesprekke met volwassenes (ouers en offisiere); Bemarking; Dissiplinere aksie op my kamp, kommando of GGA; Bou 'n wenkommando; Hoe beheer ek finansies as my eie begroting nie eens klop nie; hoe bewaar ek my kommando se erfenis; en nog meer (onderwerpe sal vasgemaak word).

(Rondomtalies se finale lys sal later versprei word. Rondomtalie bywoners sal tussen die rondomtalies kan beweeg.)

Vir enige navrae skakel gerus:

AGL Volwasse Sake - Dirk van der Berg (082 418 9467 / dirk@kultuurtuiste.org.za)

Kampadjudant - OL Gerhard Gericke (083 270 1630 / suiderligvories@gmail.com)

Groete

Dirk van den Berg
AGL Volwasse Sake

Voriesaamtrek 2022
WhatsApp group

Sluit gerus aan by die tydelike whatsapp groep waar meer inligting versprei sal word oor Voriesaamtrek 2022 deur vir my whatsapp te stuur of deur die volgende QR kode te gebruik.